

PROSEDURE (RIGLYNE) IN GEVAL VAN DIE STORT VAN BIOLOGIES GEVAARLIKE MATERIAAL

I. Storting van Gevaarlike Materiaal Buite 'n Biologiese Veligheidskabinet

- a) **Hou jou asem op** verlaat kamer onmiddellik en maak deur toe.
- b) **Waarsku ander** om nie gekontameneerde area binne te gaan nie.
- c) **Stel supervisor in kennis** onmiddellik nadat storting plaasgevind het.
- d) **Verwyder gekontameneerde klere** en plaas in outoklaveerbare sak om hulle te kan outoklaveer (in blok B kamer 321).
- e) **Was hande en gesig** deeglik asook ander blootgestelde dele van liggaam.
- f) **Wag 30 minute** as die laboratorium 'n negatiewe lugfloei het om toe te laat vir verstrooiing van aërosols wat deur die storting van die materiaal veroorsaak is, andersins kan onmiddellik opgeruim word.
- g) Verkry 'n **stortingshouer** vanaf tegniese personeel (Kamer A311).
- h) Trek **beskermdende klere** insluitend 'n masker en rubber handskoene aan.
- i) Giet 'n **dekontameneerende oplossing** op die materiaal wat gestort het. Houers vir opruiming bevat 10% bleikmiddel soos Jik vir bloed en ligaamsvloei-stowwe en 70% etanol vir mikroorganismes.
- j) Die materiaal wat gestort is, kan ook bedek word met **papierhanddoeke** wat in die korrekte dekontaminant geweek is.
- k) **Los 20 minute** om genoegsame kontakperiode toe te laat.
- l) Plaas **alle gekontameneerde skoonmaakmateriaal** in 'n sak vir gevaarlike biologiese afval wat deur Sanumed verwyder kan word.
- m) **Outoklaveer** alle gekontameneerde herbruikbare materiaal in outoklaveerbare sakke in blok B kamer 321.

2. Storting van Gevaarlike Materiaal Binne in 'n Biologiese Veligheidskabinet

- a) Voorkom ontsnapping van kontaminante uit kabinet deur **onmiddellik met chemiese dekontaminasie te begin**.
- b) Verkry 'n **stortingshouer** vanaf tegniese personeel.
- c) Trek **rubber handskoene** aan en gebruik 'n tang om gebreekte glas of ander skerp voorwerpe op te tel.
- d) Gooi **skerp voorwerpe** in verseelde houer vir die doel.
- e) Vee wande en werksoppervlakke met die korrekte **reiniger** af.
- f) Bedek boonste werksoppervlakke deeglik met reiniger en **los vir 30 minute** (wees versigtig in veiligheidskabinette want Jik veroorsaak, na 30 minute se blootstelling, wegvreting van vlekvrystaal).
- g) Verwyder oortollige reiniger van die oppervlak deur dit **op te vee met 'n spons**.
- h) Versamel alle gebruikte skoonmaakmateriaal en plaas in outoklaveerbare sak en **outoklaveer in blok B kamer 321**.
- i) **Stel supervisor** so gou as moontlik **in kennis**

3. Storting van Gevaarlike Materiaal Buite die Laboratorium (Tydens Vervoer)

As biologies gevaarlike materiaal in transito buite die laboratorium gestort word, is die belangrikste afwyking van die eerste prosedure dat die **skoonmaakprosedure onmiddellik in werking gestel moet word**. Omdat dit in hierdie geval reeds te laat sou wees om die vorming van aerosols te verhoed, is dit beter om ekstra klem op **voorkoming van die stort van materiaal** tydens vervoer te lê:

- a) **Ontwikkel 'n prosedure** vir die verwydering van biologiese gevaarlike materiaal uit die laboratorium, hetsy om dit te inkubeer, in 'n yskas te plaas of vir enige ander rede, **en hou streng daarby**.

- b) Plaas al sulke materiale in 'n **nie-breekbare houer** wat die ontsnapping van vloeistof of aërosol sal verhoed as dit sou val.
- c) **Etiket** die houer met die biologies gevaarlike simbool sodat daar geen onduidelikheid oor die inhoud is nie.

Stortingshouer vir die Opruiming van Biologies Gevaarlike Materiaal

1. **Toepaslike chemiese dekontaminante**
2. **Absorberende papierhanddoeke**
3. **Outoklaveerbare skoppie en besemie**
4. **Sponse en lappe**
5. **Beskermende klere** insluitend laboratoriumjasse/plastiek voorskoot, handskoene en maskers
6. **Tang**
7. **Biogevaarlike afvalsakke**
8. **Outoklaveerbare sakke**